

Karoo Veld vertaal die wetenskap vir Karoo boere



Prof Karen Esler (tweede van links) tydens 'n onlangse boekbekendstelling in die Ceres Karoo. Dit is deur lede van die Departement van Landbou en boere uit die omgewing bygewoon.

'n Droom is bewaarheid vir 'n span Karoo navorsers toe hul boek oor hul geliefde Karoo veld onlangs in Afrikaans en Engels gepubliseer is.

Met hierdie boek het prof Karen Esler en Sue Milton, beide lektore in die Departement Bewaringsekologie in die Fakulteit AgriWetenskappe, en hul mede-outeur, dr Richard Dean, daarin geslaag om die wetenskap verstaanbaar te maak vir Karoo boere en grondeienaars.

Die doel van die boek was om Karoo grondgebruikers te help om ekologies vriendelike veldbestuur toe te pas, om die gevolge van weiding te evalueer en hulle te help om die veld te herstel.

Die lys van pragtige foto's van plante wat algemeen in die Karoo voorkom met beide die wetenskaplike en volksname, maak dit maklik en 'n plesier om plante te identifiseer. Daar is 'n afdeling met duidelike foto's van uitheemse indringerplante en die boek bied ook 'n lys van konsultante wat met Karoo veld werk. 'n Afdeling oor Suid-Afrikaanse wetgewing wat Karoo grondgebruikers raak, bied waardevolle inligting.

Die boek is deur Briza Uitgewers gepubliseer en is ook beskikbaar by Kirstenbosch teen R169. Die skrywers hou 'n reeks klein boekbekendstellings in die Karoo. Kontak prof Esler by tel.: 021 808 4005 vir meer inligting.



Die voorsitter van die nuwe departement, prof. Michael Samways, in aksie.


Bewaringsekologie en Entomologie smelt saam

'n Groter poel van kundigheid word aan die wyn-, sagtevrugte-, tafeldruif-, sitrus- en bosboubedrywe gebied danksy die samesmelting van die Departemente Bewaringsekologie en Entomologie in die Fakulteit AgriWetenskappe.

Volgens prof Michael Samways, die voorsitter van die nuwe Departement wat verkort bekend sal staan as ConsEnt (Bewaringsekologie en Entomologie), is dié departement se visie om landbou produksie te optimaliseer sonder om biodiversiteit in te te boet. "Deur biodiversiteit te behou, word die gesondheid van die hele ekosisteem verseker," verduidelik hy.

Prof Samways word nie net as 'n wêreldklas entomoloog gereken nie, maar is ook 'n leier op die gebied van biodiversiteit. "Die landbou-omgewing gaan nie net oor die landerye en veld nie, maar ook oor die wyer landskap. Dit is waarom ons Sentrum vir Landbou Biodiversiteit ook byvoorbeeld kyk na die invloed wat indringerplante het op watervoorsiening en die herstel en/of hervestiging van plant- en dierspesies in riviersisteme."

'Garagiste' leer wyn maak by die Universiteit



Dr Wessel du Toit demonstreer hoe wyn eers gefiltreer word voordat dit gebottel word. Foto: Anton Jordaen, SSFD

Wie het ooit gesê die akademie en die praktyk kom nie by mekaar uit nie? Die Departement Wingerd- en Wynkunde het dié siening 'n nekslag toegedien met 'n kort kursus vir 'Garagiste'.

'Garagiste' is 'n opkomende geslag wynliefhebbers wat op klein skaal wyn in hul eie motorhuise (vandaar die naam *Garagiste*) maak. Vir diegene wat fanaties oor wyn is, is daar 'n besondere eer aan verbonde om jou eie wyn aan medeliefhebbers te bied.

'Garagiste' het gewoonlik geen formele opleiding in wynmaak nie, maar poog om spogwyne te maak. Die Departement Wingerd- en Wynkunde het drie jaar gelede hierdie behoefte geïdentifiseer en het sedertdien reeds vier keer dié kursus in kleinskaalse wynbereiding aangebied. Volgens dr Wessel du Toit, dosent in

Wynkunde en aanbieder van die kursus, is die kursusingangers baie positief en geesdriftig, omdat hulle 'n passie vir wyn het. Garagiste pars gewoonlik tussen 20 en 1 000 kg druive en daarom word hulle blootgestel aan kleinskaalse wynbereidingstoerusting.

Die kursusingehoud dek alle aspekte van wynbereiding, van die keuse van druive, deur al die verskillende produksieprosesse heen tot by moontlike probleme wat kan opduik en hoe om dit op te los. Demonstrasies van kleinskaalse ontstingelaars, perse, bottelering, ensovoorts word ook gedoen. Die kursus van 16 uur word gewoonlik oor 'n naweek aangebied.

■ Belangstellendes vir die kursus in September kan Du Toit kontak by, wdutoit@sun.ac.za of tel.: 021 808 2022

Die nuwe gesig van landbou en bosbou

Prof Leopoldt van Huyssteen, dekaan van die fakulteit, saam met die vroue in sy topbestuur. Van links is prof Karen Theron (Hortologie), dr Corli Witthuhn (Voedselwetenskap), prof Louise Warnich (Genetika), prof Melané Vivier (Wingerd- en Wynkunde) en prof Van Huyssteen.



Kyk uit vir die volgende vroue wat ware presteerders in die landbou en bosbou omgewings is:

Agronomie

Me Rykie de Villiers en dr Emmy Reinten.

Bewaringsekologie en Entomologie

Dr Alison Leslie, prof Karen Esler, prof Melodie McGeoch, prof Sue Milton, drr Pia Addison, Antoinette Malan, Sonja Matthee en Alicia Timm.

Genetika

Prof Louise Warnich (voorsitter), drr Renate Hillermann-Rebello, Rouvay Roodt-Wilding en Monique Zaahl.

Hortologie

Prof Karen Theron (voorsitter), me Elke Crouch, me Mariana Jooste, drr Elmi Lötze en Stephanie Midgley.

Hout- en Boskunde

Dr Martina Meincken.

Plantpatologie

Dr Adelle McLeod.

Veekundige Wetenskappe

Dr Helet Lambrechts.

Voedselwetenskap

Drr Corli Witthuhn (voorsitter), Annalien Dalton en Marena Manley.

Wingerd- en Wynkunde & Instituut vir Wynbiotegnologie

Prof Melané Vivier (voorsitter), drr Keren Bindon, Sue Bosch, Anita Burger Victoria Carey, Maret du Toit, Sarita Groenewald, Heidi Schoeman, Hélène Nieuwoudt, en me Stephany Baard wat die administratiewe bestuurder is.

ie dae toe die landbou en bosbou studente die manne in die kakieklere was en vroue 'n rariteit op die personeel, is vir goed verby! Vroue speel 'n ál hoe groter rol in die Fakulteit AgriWetenskappe.

Mense wat gereeld op kampus kom, moes al hierdie verandering opgemerk het, maar vir ander spreek die statistiek baie duidelik: nagenoeg 43% van die aantal ingeskrewe voorgraadse studente vir 2006 en byna 44% op nagraadse vlak is vroue.

Boonop is net meer as 40% van die aantal poste in onderrig en navorsing deur vroue gevul en byna 44% van die administratiewe en tegniese poste.

Goed en wel, kwantiteit is een ding, maar wat van kwaliteit, kan die swartgalliges vra. Die feit is dat die vrouestudente, dosente en tegniese personeel een honderd persent hul man staan!

Vir die laaste twee jaar was die top-presteerders binne die fakulteit (wat onder meer die Al Perold en PA van der Bijl-medaljes ontvang) almal vroue. Hulle was Tania de Kock en Anita Smit vir 2005 en Lisha Nelson en Irene Waller vir 2004, almal uit die departement Wingerd- en Wynkunde.

Daar is vyf vroue-professors binne die fakulteit en 'n verdere 21 dosente wat vrouens is. Vier vrouens is voorsitters van departemente en boonop is daar pas 'n vrou, me Sanel Barnardo, as fakulteitsbestuurder aangestel!

Oor die rol van vroue binne die fakulteit, sê prof Van Huyssteen: "Daar bestaan die grootste waardering vir ons vrouekollegas, vir hul professionaliteit, kundigheid, toegewydheid en vir die manier waarop hulle AgriWetenskappe help vorentoe neem. Hulle is ook van ons beste spanwerkers."

Daar is beslis 'n opkomende geslag vroulike wetenskaplikes wat 'n groot rol speel binne die fakulteit, asook binne die verskillende bedrywe aan wie die fakulteit diens lewer. Dit word weerspieël in die aantal vakkundige- en bedryfstoekennings wat die vroue ontvang, asook die aantal rade en komitees waarop hulle dien. Baie van hierdie vrouens word ook tereg as absolute kenners op hul eie gebied gereken en ontvang baie sterk befondsing vir hul navorsing. Slegs enkele voorbeelde van sommige van die vroue se onlangse prestasies is dr Helet Lambrechts wat die SA Vereniging vir Veekunde se bronsmedalje ontvang het uit erkenning vir haar uitstaande navorsingsprojek in die Dierewetenskapsveld, dr Pia Addison en me Dalene de Beer wat die SA Wingerd- en Wynkunde Vereniging se toekening vir die beste jong navorser ontvang het en dr Anita Burger wat die SA Genootskap van Plantkundiges se bronsmedalje vir die beste PhD-proefskrif ontvang het. Prof Karen Esler is verkies tot die eerste vroue vise-president van die SA Vereniging vir Botaniste, wat beteken dat sy die eerste vroue president sal word. 

Vir die laaste twee jaar was die toppresterders binne die fakulteit almal vroue